



12 Oktober 2026

Tygieland-nuus

Webtuiste: www.tygies.co.za

JEREMIA 17:7 Gelukkig is die mense wat op die Here vertrou en hulle verwagtinge in Hom stel.

PROGRAM VIR DIE WEEK

Maandag – 12 Oktober	• Playball • A+ Students • Pottebakkerie • Young Engineers • Gimnastiek • Krieket-akademie • Netbal Ninjas Akademie • Little Readers
Dinsdag – 13 Oktober	• Tygieland groepfoto's (sien bl. 2) • Pom-poms (graad R-dogters van 2026): Oudisies (K11), sien bl. 2 • EQ4KIDS (Emosionele intelligensie) • Tennisafrigting (JL's Tennis Academy) • Super Somme (graad R) • A+ Students • Krieket-akademie • Stoei (0.5 - 0.6): Oefening (skoolsaal) 17:00 – 18:00
Woensdag – 14 Oktober	• Experi Buddies • A+ Students • Super Somme (graad RR) • Krieket-akademie • Netbal Ninjas Akademie • Ballet • Little Readers
Donderdag – 15 Oktober	• Tygieland-tennis begin (graad R) 08:00 (sien bl. 2) • RSD (rugbyvaardighede) • Hippity Hop • Ballet • A+ Students • Tennisafrigting (JL's Tennis Academy) • Stoei (0.5 - 0.6): Oefening (skoolsaal) 17:00 – 18:00
Vrydag – 16 Oktober	🤪SNOEPIEDAG🤪 • Gholf • Voortrekkers

KURRIKULUM

GRAAD RR

TEMA: Troeteldiere
Liedjie: How much is that doggie in the window
Gedigjie: Woefie is my kolleehond

GRAAD R

TEMA: Roofvoëls
Liedjie: Die Roofvoël
Gedigjie: Kwetter en Twiet

POM-POMS: OUDISIES 2027

Ons is baie opgewonde om die nuus met julle te deel! Dit is weer tyd vir Pom-poms oudisies en ons kan nie wag om te sien watter talentvolle dogters vanjaar hulle danspassies kom wys nie!

Die aktiwiteit is gemik op dogters in die grondslagfase. Daar kan ongelukkig slegs 'n beperkte aantal dogters gekies word om aan hierdie aktiwiteit deel te neem.

- **Oudisiedatum:** Dinsdag, 13 Oktober (graad R-dogters van 2026)
- **Waar:** Juf. Nidia Coetzee se klas (K11)
- **Tyd:** 13:20 – 14:20

Hoe werk die oudisie?

- Geen ouers word tydens die oudisie toegelaat nie.
- Die dogters sal 'n kort dansie aangeleer word wat hulle saam inoefen. Die dansie, asook die dogters se individuele vermoëns, sal dan tydens die oudisie beoordeel word.
- Die dogters word volgens streng kriteria beoordeel, naamlik: Spontaniteit, ritme, danstegniek, soepelheid, memorisering van bewegings, eie dans/bewegings en span-werk.
- Indien u NIE binne 'n week op 'n WhatsApp-groep geplaas word nie, beteken dit ongelukkig dat sy nie vir die span gekies is nie.

Vir enige navrae, kontak asseblief me. M. Erasmus by merasmus@tygies.co.za.

TYGIELAND-TENNIS IN KWARTAAL 4 (SLEGS VIR GRAAD R)

Die Tygieland-tennis begin **Donderdag, 15 Oktober**. Slegs die **graad R-leerders** kan tennis speel. Die tennis word gratis aangebied deur juffrouens Charmaine (organiseerder), en Tygieland-personeel. Die leerders moet 'n **junior tennisraket**, hoed, waterbottel en tekkies bring.

Die tennis sal op Dinsdae en Donderdae vanaf 08:00 – 08:45 aangebied word. Die leerders wat nie tennis speel nie of nie betyds is vir die tennis nie, sal deur die personeel, assistente en studente in die klasse opgepas word.

TYGIELAND-GROEPFOTO'S: 13 OKTOBER

Tygieland se groepfoto's word **Dinsdag, 13 Oktober** in skooltyd geneem. Die leerders moet asb. die regte kleres saambring, anders kan hulle ongelukkig nie afgeneem word nie. Die volgende foto's word geneem:

FOTO	KLEREDRAG
• Minikrieket	Rooi Tygieland-hempie met swart kortbroekie
• Tygieland-koor	Koorklere (kom in hul koorklere skool toe)
• Tygieland-netbal	Rooi Tygieland-hempie met swart kortbroekie
• Tygieland-hokkie	Rooi Tygieland-hempie met swart kortbroekie
• Tygieland-tennis	Rooi Tygieland-hempie met swart kortbroekie
• Tygieland-bergfiets	Rooi Tygieland-hempie met swart kortbroekie
• Centurion-kunsteftes (voordrag)	Rooi Tygieland-hempie met swart kortbroekie
• Eisteddfod (beeldende kuns)	Rooi Tygieland-hempie met swart kortbroekie
• Stoei	Stoeiklere

➤ Die **leerders** word **kaalvoet** afgeneem.

JAARBLAD: BESTELLINGS 2026

Jaarliks gee die skool 'n jaarblad uit aan die oudste of enigste leerders van die skool.

- Vanaf hierdie jaar gaan die gratis en ekstra jaarblad met 'n Google-vorm bestel word.
- Een jaarblad word **gratis** aan elke gesin uitgegee.
- Indien u 'n **ekstra jaarblad** wil bestel, kan hierdie boek teen **R180 aangekoop** word.
- **Ekstra** jaarblaaie word **slegs** bevestig deur 'n **betaling** (EFT) in die **skool se bankrekening**.
- **Alle** bestellings vind plaas d.m.v. die volgende skakel: <https://forms.gle/E2SbrxvuzYoJYK5P7>
- Bestellings sluit **6 November**.
- Jaarblaaie word vanaf **13 - 15 Januarie 2027** uitgegee in u kind se voogklas.

Maak seker u bestelling is betyds in teen 6 November!

Vir enige navrae, kontak Ardelle Scholtz by bemarking@tygies.co.za

TYGIE-10-PROJEK: WOENSDAG, 28 OKTOBER

Tedro en Tienkie verjaar! Hul 5de verjaarsdagpartytjie word op **Woensdag, 28 Oktober** gehou.

Hulle grootste wens is om ander se harte bly te maak. Bring asseblief van die volgende produkte vir die Tygie-10-projek en kom wys vir ons hoe Tygies omgee!

Tienkie en Tedro gaan elkeen se deelname aan die Tygie-10-projek as verjaarsdaggeskenk baie waardeer!

Voorgestelde inkopielys:

Pap / Weet-Bix / ProNutro / Rice Crispies / Oats / All Bran / Cornflakes / enige ontbytapp

Ons benodig ook enige ekstra vleisskenkings vir die vrieskas soos **wildsvleis, wors of ander vleissoorte**.

Vars groente en vrugte is ook weekliks welkom. Kontak mev. Karien Saayman by karien@tygies.co.za in dié verband.

TYGIELAND-KONSERT: 28 EN 29 OKTOBER

Tygieland hou konsert! Dit is altyd groot pret en vermaak vir almal!

- Tygieland se kleuters moet asb. elkeen **R350** vir alle konsertkostuums, dekor, rekwisiete asook die klank en beligting betaal.
- Hierdie bedrag was betaalbaar teen einde September.
- Uitstaande geld kan nog deur die **d6 App** onder die projek: **Tygieland-konsertklere**, inbetaal word.

Laat weet asb. u kind se **juffrou** as u kind **nie** aan die konsert **kan deelneem nie**. Ons wil nie vir kinders wat nie gaan deelneem, klere laat maak nie. Ouers sal vir dié onkoste verantwoordelik gehou word, indien die juffrou nie laat weet is voor of op 10 Oktober nie.

- **Konsertkaartjies (SLEGS deur Quicket):**
 - Kaartjieverkope open **Donderdag, 8 Oktober** om **09:00**. Skakel: <https://gkt.io/Yl5mDw>
 - U bewys van die aankoop van kaartjies moet by die deur gewys word en geskandeer word.
- **Kleedrepetisie:**
 - Woensdag **28 Oktober** om **10:00** in skooltyd (**Geen ouers** woon die kleedrepetisie by nie).
 - Al die kleuters sal hulle kostuums vir die konsert by die skool ontvang. Die kostuums sal na die kleedrepetisie in die kleuters se tasse gesit word.
- **Konsertaande:**
 - Woensdag **28 Oktober** om 18:00.
 - Donderdag **29 Oktober** om 18:00.
- **Belangrike reëlins vir die konsertaande:**
 - Die Tygieland-klasse is in verskillende lokale by Tygieland ingedeel. Die klassimbole (bv. Beertjeklas) sal by die verskillende klasse opgesit word. Maak asb. seker dat u kind by die regte klas afgegee word.
 - Al die kleuters moet stiptelik om **17:00** by die onderskeie klasse aanmeld.
 - Daar sal vanaf 16:30 **kosstalletjies** voor die saal beskikbaar wees.
 - Die **saal se deure open 17:30** en die konsert sal stiptelik om **18:00** begin.
 - Toegang tot die saal sal slegs deur die deure van die ingangsportaal van die administratiewe gebou wees.
 - Die kleuters kom klaar aangetrek met hulle kostuums skool toe.

TYGIELAND-KONSERT: 28 EN 29 OKTOBER (vervolg)

- Na die konsert stap die kleuters weer saam met die personeel van die verhoog af. Die kleuters kan dan weer by die onderskeie **klasse** waar hulle afgegee is, afgehaal word. Geen leerder mag tydens die afstap in die saal deur ouers geneem word nie. Hierdie reëling word getref vir kontrole en die veiligheid van die leerders.

NEEM KENNIS:

- **Geen leerders** of **jonger boeties** en **sussies** word voor of na die konsert **op die verhoog toegelaat nie**.
- Ouers is verantwoordelik om hul kinders in die saal rustig en stil te hou.
- **Konsertfoto's** word geneem en daar word 'n **video-opname** gemaak.

LET WEL:

- Die **Tygieland-naskool sluit reeds** om **16:00** vir die Tygieland-konsert (28 en 29 Oktober)
- Hierdie reëling word getref a.g.v. die Tygieland-konsert wat die onderskeie aande aangebied word.

Dankie vir u ondersteuning.

